# Kareeberg Munisipaliteit

## Spesiale Raadsvergadering

# NOTULE

29 MEI 2017

# MUNISIPALITEIT KAREEBERG

Kantoor van die Munisipale Bestuurder
Posbus 10
CARNARVON
8925
23 Mei 2017

**AAN SY AGBARE, DIE BURGEMEESTER**
**EN LEDE VAN DIE RAAD**

Kennis geskied hiermee dat 'n Spesiale vergadering gehou sal word in die Raadsaal, Carnarvon op

**MAANDAG, 29 MEI 2017**

**om 09:30**

**MUNISIPALE BESTUURDER**

## AGENDA

**1. OORWEGING VAN AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID, INDIEN ENIGE (3.1.1.6.1.4)**

**2. KONSEP GOP EN BEGROTING 2017/2018 (5.1.1.2017/2018)**

Vergaderings was in al vier wyke gehou. Geen insette of besware was ontvang nie. Nasionale Tesourie het ook bevestig dat die begroting befonds is ("funded")

**AANBEVELING:** ter oorweging.

# MUNISIPALITEIT KAREEBERG

**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL TE CARNARVON OP 29 MEI 2017.**

**TEENWOORDIG:** Sy Agbare, Die Burgemeester, Raadslid N.S van Wyk
Raadslid J.E.J. Hoorn
Raadslid E. Hoorn
Raadslid W.D. Horne
Raadslid G. Saal
Raadslid B.J.E Slambee
Raadslid G.P van Louw

**AMPTENARE:** Munisipale Bestuurder (afwesig met verskoning)
Hoof Operasionele Bestuurder
Hoof Korporatiewe Dienste
Waarnemende Hoof: Finansies

**1. GEEN**

**2. BESLUIT:**

i) dat die bedryfsbegroting vir die 2017/2018 boekjaar soos gesirkuleer en aantonende 'n uitgawe van R109 072 837 goedgekeur word ingevolge Artikel 160(3) van die Grondwet, en Artikel 24 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003.

ii) dat die kapitaalbegroting vir die 2017/2018 boekjaar soos gesirkuleer ten bedrae van R50 270 000 goedgekeur word.

iii) dat die belastingtariewe soos uiteengesit in Bylae 1 ingevolge Artikel 14(1) van die Wet op Eiendomsbelasting 2004, bepaal en gehef word vir die tydperk 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018.

iv) dat die dienste tariewe soos uiteengesit in Bylae 2 ingevolge Artikel 24(2)(c)(ii) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet 2003, vasgestel word met ingang van 1 Julie 2017, met inagneming dat die elektrisiteitstariewe onderhewig is aan die goedkeuring van NERSA.

v) dat die diverse gelde soos uiteengesit in Bylae 3 ingevolge Artikel 24 (2)(c)(ii) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet 2003, vasgestel word met ingang van 1 Julie 2017

vi) dat 'n bedrag van R10 217 647 ten opsigte van die 2017/2018 interowerheidstoekenning aangewend word om die 2017/2018 dienste en belastingtariewe te subsidieer.

vii) dat die verdeling van die interowerheidstoekenning vir 2017/2018 soos uiteengesit in die begroting, volgens die behoeftige verordening goedgekeur word.

viii) dat kennis geneem word dat die gemeenskap uitgenooi was om vertoë in verband met die konsepbegroting voor te lê (artikel 22).

ix) dat kennis geneem word dat geen vertoë ontvang was nie.

x) dat die hersiene geïntegreerde ontwikkelingsplan 2017- 2022 goedgekeur word.

xi) dat tabelle A1 tot A10 goedgekeur word.

xii) dat kennis geneem word dat die konsep SDBIP aan die Burgemeester voorgelê sal word vir goedkeuring.

xiii) dat kennis geneem word dat die dienste en belasting tariefverhogings binne die riglyne van Nasionale Tesourie is.

xiv) dat volstaan word met die batebeleid, sowel as die voorsieningskanaal bestuursbeleid

**NOTA:** Raadslid W.D Horne versoek dat sy teenstem aangeteken word.

## 3. VERSLAG PRESTASIEBESTUURSTELSEL EVALUASIE 2015/2016 (4.3.R)

Gemelde verslag is reeds onder aparte omslag gesirkuleer.

**AANBEVELING:** ter oorweging.

3. **BESLUIT:** dat prestasie bonusse as volg betaal word:

| | |
|---|---|
| Hoof: Finansies | 8% |
| Munisipale Bestuurder | 6% |
| Hoof Korporatiewe Dienste | 6% |
| Hoof Operasionele Bestuurder | 6% |

**NOTA:** die amptenare verlaat die vergadering tydens behandeling van die item.

**BEKRAGTIG:** **20 JUNIE 2017**

**BURGEMEESTER**